*Die mediaan is daardie maand wat die aantal draaipunte van die besondere verdeling in twee helftes verdeel.

Grafiek 2



weeg en het die Reserwebank sy rentekoerspatroon vir korttermyn staatseffekte vanaf 28 Junie 1968 en weer vanaf 19 September 1968, verlaag. Op 27 Augustus 1968 is die Bankkoers van 6 tot $5\frac{1}{2}$ persent verlaag.

Die Maart 1968-Begroting het geen algemene verslapping in fiskale beleid weerspieël nie. Die hoofdoel van die Begroting was intendeel om die koers van toename in pryse in toom te hou. In die Maart 1969-Begroting is die marginale koerse en die graad van progressie van persoonlike inkomstebelasting egter verlaag, terwyl 'n verkoopreg terselfdertyd ingestel is. Die beraamde totale invloed van hierdie veranderings was 'n geringe toename van ongeveer R60 miljoen in die totale belastinglas.

Die tempo van algemene ekonomiese bedrywigheid het gedurende die eerste helfte van 1968 geleidelik toegeneem maar daarná momentum gekry en, behalwe vir 'n onbeduidende verlangsaming teen die einde van 1969, is 'n hoë vlak van bedrywigheid teen die einde van die 1968/70-fase van die golf bereik. So het die reële bruto binnelandse produk met 4,0 persent in 1968, 7,1 persent in 1969, en 4,5 persent in 1970 gestyg. Indien die toegevoegde waarde van die landbou uitgesluit word, het die reële bruto binnelandse produk teen hoër koerse gestyg, nl. met 5,7 persent in 1968, 7,6 persent in 1969 en 4,8 persent in 1970, en teen 'n gemiddelde jaarkoers van 6,0 persent oor hierdie drie jare. Die laer koers van toename wat in 1970 aangeteken is moet natuurlik teen die relatief hoë vlak van ekonomiese bedrywigheid wat in die vorige jaar bereik is, gesien word.

Bruto binnelandse besteding het gedurende die eerste drie kwartale van 1968 as gevolg van 'n skerp daling in voorraadinvestering, slegs matig toegeneem. Vanaf die vierde kwartaal van 1968, is 'n betreklik hoë koers van toename in bruto binnelandse besteding egter tot in die eerste kwartaal van 1971 gehandhaaf. Sowel private as algemene owerheidsverbruiksbesteding het teen toenemende hoër koerse tussen die eerste kwartaal van 1968 en die derde kwartaal van 1970 gestyg en, tesame met goedere-uitvoere, aanvanklik die belangrikste uitbreidingskragte in die volkshuishouding uitgemaak. Aan die begin van die fase het bruto vaste investering traag gebly hoofsaaklik as gevolg van onbenutte kapasiteit in die fabriekswese, die betreklik vrye beskikbaarheid van ingevoerde goedere en die aantreklikheid van die aandele- en eiendomsmarkte as alternatiewe beleggingskanale. Vanaf die vierde kwartaal van 1968 het vaste investering egter sterk toegeneem en aangehou om tot in die tweede kwartaal van 1970 teen 'n vinnige koers toe te neem. Terwyl investering in bou- en konstruksiewerke teen 'n baie hoë koers regdeur hierdie tydperk toegeneem het, het buitengewoon groot toenames in investering in masjinerie en vervoertoerusting tussen die vierde kwartaal van 1969 en die derde kwartaal van 1970 plaasgevind.

Aanvanklik, d.w.s. gedurende die eerste vyf kwartale van die opwaartse fase van die konjunkturgolf, is 'n benaderde ewewig tussen die binnelandse vraag na en aanbod van goedere en dienste gehandhaaf. Gedurende hierdie tydperk het pryse slegs matig gestyg en het verbruikerspryse, byvoorbeeld, teen 'n gemiddelde jaarkoers van 3,0 persent toegeneem. Vanaf ongeveer die tweede kwartaal van 1969 het die oplewing in private vaste investering tesame met die toenames in ander bestedingskomponente, waarna reeds hierbo verwys is, egter tot 'n oorskryding van die bruto nasionale produk deur die bruto binnelandse besteding gelei. Dit is in 'n steeds toenemende tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans weerspieël en, met die volkshuishouding wat teen nage-noeg volle kapasiteit gefunksioneer het met tekorte aan geskoolde arbeid en langtermyn kapitaal, het gelei tot 'n versnelling in die koers van toename in pryse, hoër rentekoerse en arbeidskoste. Die verbruikersprysindeks het byvoorbeeld teen 'n gemiddelde jaarkoers van 4,0 persent tussen Junie 1969 en Desember 1970 toegeneem. Die opbrengskoers op maatskappyskuldbriefe het aanmerklik vanaf $8\frac{1}{2}$ persent in Julie 1969 tot $10\frac{1}{4}$ persent in Januarie 1971 gestyg, die opbrengskoers op semi-prima-effekte het vanaf 7 persent in April 1969 tot $9\frac{1}{2}$ persent in April 1971 toegeneem, en die opbrengskoers op langtermyn staatseffekte het vanaf $6\frac{1}{2}$ persent in April 1970 tot $8\frac{1}{2}$ persent aan die einde van Maart 1971 toegeneem. Die bestaande plafon op depositorente-koerse is ook in Augustus 1970 opgehef. Wat arbeidstoestande betref, het die aantal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs as 'n verhouding van die aantal werknemers van hierdie rasse werksaam in die nie-landbousektore van die volkshuishouding, tot 'n na-oorlogse minimum waarde van ongeveer 0,44 persent in Desember 1970 gedaal.

Afgesien van beperkings deur natuurlike faktore op die groeikoers in 'n volkshuishouding wat teen bykans volle kapasiteit funksioneer, het die owerhede ook verskeie beperkende maatreëls toegepas. Met die oog op die verbetering in Suid-Afrika se goud- en ander buitelandse reserwes is invoer- en valutabeheer reeds in die derde kwartaal van 1968 verder verslap. In die Augustus 1970-Begroting is verkoop- en aksynsregte verhoog, die leningsheffing op individue is van 5 na 10 persent van normale belasting verhoog, en 'n leningsheffing van $2\frac{1}{2}$ persent op maatskappye, uitgesonderd goud- en diamantmynbou maatskappye, ingestel. In totaal het hierdie veranderings 'n geraamde bykomende belastinglas van slegs R37 miljoen vir die fiskale jaar bedra. Boonop het strenger huurkoopvoorwaardes met betrekking tot verskeie verbruikersgoedere teen die einde van Oktober 1970 in werking getree.

Die koers van toename in ekonomiese bedrywigheid het vanaf ongeveer die einde van 1970 gedaal. 'n Draaipunt in die konjunkturgolf teen ongeveer hierdie

tyd word bevestig deur die verloop van die bruto binnelandse produk teen konstante pryse, wat met slegs 4,0 persent in 1971 en 3,3 persent in 1972 toegeneem het, nadat dit met 4,5 persent in 1970 gestyg het. Uitgesonderd die toegevoegde waarde van die landbou, het die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk selfs meer opmerklik gedaal, naamlik vanaf 4,8 persent in 1970 tot slegs 2,8 en 3,3 persent in 1971 en 1972, onderskeidelik. Alhoewel die fisiese volume van mynbouproduksie, totale ure gewerk in sowel die fabriekswese as die konstruksiesektore en totale nie-landbouwerkverskaffing draaipunte in November 1970 aangeteken het, en hierdie datum ook deur die tros-van-draaipunte metode ondersteun word, het sowel die geweegde as die ongeweegde diffusie-indekse en ander belangrike reekse soos die fisiese volume van totale fabrieksproduksie, sementproduksie en die aantal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs, 'n boonste draaipunt in Desember 1970 aangedui. Desember 1970 is gevolglik as die verwysingsdraaipunt datum aanvaar.

Afswaai: Januarie 1971 tot Oktober 1972

Die laer groeikoers in ekonomiese bedrywigheid het regdeur 1971 en 1972 voortgeduur. Hierdie afswaai was hoofsaaklik die gevolg van swak vertonings deur die sektore fabriekswese, mynbou en handel. Die toename in die volume van fabrieksproduksie teen 'n gemiddelde jaarkoers van slegs 2,4 persent gedurende 1971 en 1972 vergelyk ongunstig met die gemiddelde jaarlikse koers van toename van 7,7 persent wat gedurende die voorafgaande twee jare aangeteken is en was ook heelwat minder as die taakstellingsgroeikoers van 6,4 persent waarvoor in die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram vir die tydperk 1970 tot 1975 voorsiening gemaak word. Die fisiese volume van mynbouproduksie het inderdaad gedurende sowel 1971 as 1972 teen 'n gemiddelde jaarkoers van 2,6 persent gedaal. Wat bedrywigheid in die handel betref het klein- en groothandelsverkope teen konstante pryse gedurende 1971 en 1972 teen gemiddelde jaarkoerse van 3,4 en 2,2 persent onderskeidelik toegeneem, terwyl die gemiddelde maandelikse aantal nuwe motorvoertuie verkoop met 0,9 persent per jaar gedurende dieselfde tydperk gedaal het. Die konstruksiesektor, wat vanaf 1968 tot 1970 buitengewoon bedrywig was, het daarná ook geneig om af te plat. In teenstelling met die verlangsamings van die bedrywigheid in hierdie sektore, het die landbousektor gedurende 1971 en 1972 uitstekende toestande ondervind.

Alhoewel die onewewigtigheid tussen die binnelandse vraag na en die aanbod van goedere en dienste regdeur 1971 en die eerste helfte van 1972 voortgeduur het, het die oorskot van die bruto binnelandse besteding bó die bruto nasionale produk oor hierdie tydperk onafgebroke en aanmerklik gedaal. So het die gemiddelde jaarkoers van toename in die reële bruto

binnelandse besteding in 1971 en 1972 tot slegs 0,1 persent verlangsaam, vergeleke met 'n styging van 8,8 persent in 1970. Die verlangsaaming in die koers van toename in die reële binnelandse vraag is ook ná Maart 1971 in 'n daling in die volume van goedere-invoere weerspieël, in besonder in die invoere van verbruikers- en intermediêre goedere. Sowel die volume as die waarde van goedere-uitvoere, wat gedurende die tweede helfte van 1970 gedaal het, het vanaf Maart 1971 betekenisvol herstel, hoofsaaklik as gevolg van groter uitvoere van diamante en landbouprodukte. Die sterk toename in die waarde van die netto goudproduksie gedurende 1971 as gevolg van die hoër prys van goud op die private mark, het 'n betekenisvolle bydrae tot die volgehoue verbetering op die lopende rekening van die betalingsbalans ná die eerste kwartaal van 1971 gemaak en het 'n belangrike ekspansionistiese element in die volkshuishouding verteenwoordig. Verder het 'n baie groot netto invloeiing van kapitaal gedurende die eerste kwartaal van 1971 plaasgevind en hierdie invloeiing, alhoewel op 'n laer vlak en meer in die vorm van amptelike lenings, het gedurende die res van die jaar voortgeduur niesteenstaande onsekerhede aangaande wisselkoerse wat gedurende die grootste deel van die jaar geheers het.

Die beleid wat deur die owerhede gedurende hierdie afswaai in die konjunkturgolf gevolg is, kan in twee fases ingedeel word. Aan die begin is die deflasionistiese beleid voortgesit en gedurende die grootste deel van 1971 selfs strenger gemaak. Na 'n vermindering van die druk op die produksiefaktore teen die einde van 1971 en in die lig van internasionale monetêre ontwikkelings het die klem van die fiskale en monetêre beleid egter verander en meer ekspansionisties geword. In die Maart 1971-Begroting is die toeslag op inkomstebelasting op individue van 5 na 10 persent vermeerder, leningsheffings betaalbaar deur individue en maatskappye is verhoog, en 'n leningsheffing is ingestel op die dividendontvangstes van maatskappye. Weens die sterk styging in die verkope van handelsvoertuie is huurkoopbeperkings vir die eerste keer in September 1971 op private handelsvoertuie van toepassing gemaak. Verder is die Bankkoers op 31 Maart 1971 vanaf $5\frac{1}{2}$ tot $6\frac{1}{2}$ persent verhoog, en het die opbrengskoerse op kort- en langtermyn staatseffekte vanaf $5\frac{1}{2}$ tot $6\frac{1}{2}$ persent en vanaf $7\frac{3}{4}$ tot $8\frac{1}{2}$ persent, onderskeidelik gestyg. Weens die klaarblyklik oormatig strawwe uitwerking van die strenger huurkoopvoorwaardes met betrekking tot die verkoop van sekere duursame verbruikersgoedere, wat vanaf 30 Oktober 1970 van toepassing gemaak is, het die owerhede egter daarna verskeie van hierdie beperkings tragsgewyse verslap.

Gedurende die tweede helfte van 1971 het die onsekere internasionale ekonomiese toestand 'n hoogtepunt bereik met die aankondiging deur die Verenigde State op 15 Augustus 1971 dat die inwisselbaarheid van die dollar in goud opgeskort word en dat 'n 10

persent toeslag op invoere ingestel word. Meeste van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennote het gevolglik hul geldeenhede toegelaat om te sweef. Onsekerhede wat met hierdie verwikkelings gepaard gegaan het, het 'n nadelige invloed op Suid-Afrika se betalingsbalans gehad, op sowel die lopende as die kapitaalrekening, op 'n tydstip toe die fiskale en monetêre maatreëls wat deur die owerhede geneem is reeds die oormatige besteding in die land verminder het. Aangesien daar geen aanduiding was dat 'n internasionale ooreenkoms oor die herskikking van wisselkoerse gou bereik sou word nie, het die owerhede op 24 November 1971 strenger invoerbeheermaatreëls ingestel. Op 18 Desember is 'n ooreenkoms bereik oor 'n algemene herskikking van wisselkoerse, wat ook daartoe gelei het dat die rand vanaf 21 Desember 1971 met 12,28 persent gedevalueer is. Die dubbele doel van hierdie besluit was om betalingsbalansewewig te herstel en om produksie en investering in die private sektor te stimuleer. Die eersgenoemde doel is in 1972 bereik, soos aangedui deur 'n toename in die totale goud- en ander buitelandse reserwes vanaf R570 miljoen aan die einde van November 1971 tot R1 090 miljoen aan die einde van Desember 1972. Alhoewel 'n betreklik groot invloeiing van kapitaal gedurende 1972 aangeteken is, was die totale oorskot op die betalingsbalans hoofsaaklik die gevolg van 'n verbetering op die lopende rekening. Laasgenoemde verbetering was toe te skryf aan 'n vinnige toename in die waarde van goedere-uitvoere en netto goudproduksie en die voortsetting van die afwaartse neiging in die waarde van invoere, ten spyte van 'n skerp toename in die pryse van ingevoerde goedere ná die herskikking van wisselkoerse. Met die oog op die betekenisvolle verbetering in die betalingsbalans en die betreklik hoë vlak van totale buitelandse reserwes, is invoerbeheer op 3 Junie, 25 Julie en weer op 25 Oktober verslap. Verder is daar in 'n poging om die koers van toename in die pryse van ingevoerde goedere te verminder, 'n nuwe pariteitswaarde vir die rand op 25 Oktober ingestel, nadat die rand vanaf 30 Junie 1972 toegelaat is om saam met sterling afwaarts te sweef. Die nuwe waarde van die rand het 'n devaluasie van 4,20 persent in terme van sy pariteitswaarde wat in Desember 1971 bepaal is, verteenwoordig, maar 'n appresiasie van ongeveer 4 persent vanaf die heersende markwisselkoers.


Die traagheid wat in die binnelandse volkshuishouding gedurende 1971 ondervind is, het gedurende 1972 voortgeduur niesteenstaande die stimulerende invloed van die devaluasies en die ekspansionistiese fiskale en monetêre maatreëls. Die 1972/73-Begroting het ingesluit aansporings vir uitvoerders, die verslapping van boubesluiting en kredietbeperkings op die verkope van motors, die uitbreiding van beleggings-toelaes ten opsigte van masjinerie, toerusting en fabrieksgeboue, 'n verlaging in die gekombineerde maksimum marginale inkomstebelasting- en lenings-

heffingkoers (wat met 'n bykomende toeslag op inkomstebelasting vervang is) vir individue, die bevordering van besparing deur die instelling van 'n nuwe huiseienaars-spaarskema, 'n vermindering in die verkoopreg, en 'n verbetering in die kontantposisie van maatskappye deur 'n vermindering in die leningsheffing op dividendontvangste. Bykomend tot die fiskale maatreëls, het die Reserwebank op 29 Maart redelik aansienlike toegewings buite die plafonne van toepassing op bankkrediet aangekondig om die uitbreiding van krediet vir produksie- en uitvoerdoeleindes moontlik te maak. Verder is maksimum rentekoerse op deposito's vanaf 30 Maart 1972 vir sowel banke as bouverenigings ingestel. Dit is op 10 Augustus 1972 opgevolg met 'n verlaging in die Bankkoers met $\frac{1}{2}$ persent (na 6 persent) en met 'n afwaartse aanpassing van $\frac{1}{4}$ persent in die stel koerse wat vir transaksies in staatseffekte gekwoteer word. Ander aansporings om die peil van ekonomiese bedrywigheid te verhoog het bestaan uit 'n verdere verlaging van $\frac{1}{4}$ persent in die opbrengskoers op staatseffekte op 8 September, die afskaffing van die plafonne op bankkrediet vanaf 1 November, 'n verdere verslapping van huurkoopbeperkings op 6 Oktober en die terugbetaling van die 1966-leningsheffing voor die vervaldatum. Op 17 November het die Minister van Finansies 'n verdere vermindering van verkoopreg, veral op sekere duurzame verbruikersgoedere, aangekondig.

Die groei in die geldvoorraad is in 1971 beperk deur 'n daling van R251 miljoen in die netto goud- en ander buitelandse reserwes en 'n vermindering gedurende die eerste drie kwartale van 1971 in die krediet wat deur handelsbanke aan die private sektor toegestaan is. Die netto eise van die monetêre banksektor teen die owerheidsektor het, aan die ander kant, gedurende die jaar aansienlik toegeneem en was in 'n groot mate verantwoordelik vir die matige toename wat in die hoeveelheid geld en kwasi-geld aangeteken is. Die oorskot likwiede bates van die monetêre banksektor het gedurende 1970 skerp gedaal en het gedurende 1971 op nagenoeg dieselfde vlak gebly. Hierdie ontwikkelings gedurende 1971 het tot aansienlik strammer geldmarktoestande gelei, met korttermynrentekoerse wat gevolglik op 'n hoë vlak geskommel het. Gedurende 1972 het die hoeveelheid geld en kwasi-geld egter teen 'n baie hoër koers as gedurende die voorafgaande twee jare toegeneem hoofsaaklik as gevolg van die opswaai in die netto goud- en ander buitelandse reserwes ná die devaluasie van die rand. Korttermynrentekoerse het gevolglik aanmerklik gedaal.

Die laer koers van toename in ekonomiese bedrywigheid het 'n vermindering in die druk op die produk-siefaktore tot gevolg gehad. So het die stram arbeids-toestand ietwat verbeter, surplus kapasiteit het in die fabriekswese, konstruksie- en vervoersektore ontstaan, en kapitaal het meer vryelik beskikbaar geword. Nieteenstaande die betreklike traagheid in die volkshuis-

Ooreenstemming van spesifieke draaipunte van gekose tydreeks en verwysingsdraaipunte



houding het pryse egter teen progressief hoër koerse gedurende 1971 en 1972 gestyg. Na 'n styging van 4,1 persent gedurende 1970, het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks, byvoorbeeld, met nie minder nie as 6,9 persent tussen Desember 1970 en Desember 1971 en met 7,3 persent tussen Desember 1971 en Desember 1972 gestyg. Gedurende 1971 was die versnelling hoofsaaklik die gevolg van 'n voortgesette toestand van oormatige vraag, die sterk opwaartse neiging in arbeids- en ander kostes per eenheid van produksie, en, in die besonder, hoër verkoopreg en ander indirekte belastings, sowel as die opwaartse aanpassings van die pryse van sekere goedere en dienste wat deur die owerheid beheer word. Gedurende 1972 het die pryse van dienste, voedsel en voertuie die grootste persentasietoenames aangeteken, terwyl die toename in die pryse van ingevoerde goedere, hoofsaaklik as gevolg van die herskikking van wisselkoerse, betekenisvol tot die algemene versnelling in die koers van toename in pryse bygedra het. As gevolg van hierdie hoë koers van inflasie, was die owerhede tot 'n versigtige monetêre en fiskale beleid verbind.

Nieteenstaande al die monetêre en fiskale maatreëls en in die besonder die stimulerende invloed van die devaluasies, was ekonomiese bedrywigheid traag om weer te versnel. Alhoewel dit te vroeg is om, met die beskikbare tydreeks-gegewens, met 'n groot mate van sekerheid 'n onderste draaipunt in die konjunkturgolf te bepaal, wil dit nogtans voorkom asof die bedrywigheid vanaf die vierde kwartaal van 1972 ietwat herstel het. Die geweegde diffusie-indeks dui op September 1972 as die verwysingsdraaipunt-datum, maar dit wil voorkom asof ekonomiese aanwysers wat op reële bedrywigheid betrekking het, in die algemeen draaipunte na September geregistreer het. So dui die diffusie-indeks vir die fabriekswese-sektor en vir die groep van diverse aanwysers op Oktober en November, onderskeidelik, as verwysingsdraaipunt-datum, terwyl die diffusie-indeks vir die konstruksie-sektor toon dat bedrywigheid in hierdie sektor nog nie teen Desember 1972 versnel het nie. Op basis van die draaipuntdata aangedui deur die ongeweegde diffusie-indeks en die reekse wat reële ekonomiese bedrywigheid weerspieël, word Oktober 1972 gevolglik as die voorlopige verwysingsdraaipunt-datum geneem.

Verwysingsdraaipuntdata

Die draaipuntdata van die konjunkturgolf gedurende die na-oorlogse tydperk word in die bygaande tabel aangegee.

Finale verwysingsdraaipuntdata en fases in die konjunkturgolf

Opswaai	Afswaai
Na-oorlogs-Julie 1946	Augustus 1946-April 1947
Mei 1947-November 1948	Desember 1948-Februarie 1950
Maart 1950-Desember 1951	Januarie 1952-Maart 1953
April 1953-April 1955	Mei 1955-September 1956
Oktober 1956-Januarie 1958	Februarie 1958-Maart 1959
April 1959-April 1960	Mei 1960-Augustus 1961
September 1961-April 1965	Mei 1965-Desember 1965
Januarie 1966-Mei 1967	Junie 1967-Desember 1967
Januarie 1968-Desember 1970	Januarie 1971-Oktober 1972
November 1972-	

Aanhangsel – byvoegings en weglatings van tydreekse

Landbou, bosbou, jag en visserye:

Byvoegings:	Beskikbaar vanaf
Kontant inkomste en plaasverbruik:	
akkerbou	3ekw. 1958
tuinbou	3ekw. 1958
veeteelt	3ekw. 1958
totaal	3ekw. 1958
Uitvoere:	
grondstowwe	1ekw. 1960
half-fabrikate	1ekw. 1960
Weglatings:	
Uitvoere:	
ingelegde vrugte en vrugte preparate	Jan. 1964
karakoelpelse	Jan. 1964
mielies	Jan. 1964
rou-suiker	Jan. 1964
sitrusvrugte	Jan. 1964
wol	Jan. 1964

Mynbou en steengroewery:

Byvoegings:	
Fisiese volume van produksie:	
gouderts gemaal	1ekw. 1960
Uitvoere:	
grondstowwe	1ekw. 1960
half-fabrikate	1ekw. 1960
Weglatings:	
Fisiese volume van steenkoolverkope	Jul. 1911
Gemiddelde salarisse en lone per maand:	
Blankes	Jul. 1958
Uitvoere:	
diamante	Jan. 1964
koper	Jan. 1964

Fabriekswese:

Byvoegings:	
Fisiese volume van produksie:	
masjinerie	Jan. 1961
Pryse van gewone aandele	Jan. 1910
Vaste investering, fabriekswese privaat:	
geboue en konstruksiewerke	1ekw. 1960
Weglatings:	
Arbeidsomset per 100 produksiewerkers:	
getal afdankings en bedankings	Jan. 1957

Elektrisiteit, gas en water:

Byvoegings:

Vaste investering, openbare korporasies:	
geboue en konstruksiewerke	1e kw. 1960
Waterverkope, Randwaterraad (volume)	Jan. 1960

Konstruksie:

Byvoegings:

Fisiese volume van produksie:	
boustene en teëls	Jan. 1961
Vaste investering:	
masjinerie en toerusting ens., private sektor	1e kw. 1960

Weglatings:

Arbeidsomset per 100 produksiewerkers:	
getal afdankings en bedankings	Jan. 1957
Gemiddelde salaris en lone per maand:	
Blankes	Jan. 1957

Groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie:

Byvoegings:

Bruto binnelandse produk, toegevoegde waarde:	
verversings en akkommodasie	1e kw. 1960
Gemiddelde salaris en lone per maand (alle rasse):	
groot- en kleinhandel	1e kw. 1966
motorhandel	1e kw. 1969
Kleinhandelsverkope:	
klerasie en skoeisel	Jan. 1958
Pryse van gewone aandele	Jan. 1958
Vaste investering:	
geboue en konstruksiewerke	1e kw. 1960
Werkverskaffing (alle rasse):	
groot- en kleinhandel	1e kw. 1966
motorhandel	1e kw. 1969

Weglatings:

Investering in voorrade, handel en nywerheid	1e kw. 1960
--	-------------

Vervoer, opberging en kommunikasie:

Byvoegings:

Gemiddelde salaris en lone per maand (alle rasse):	
Poskantoor	1e kw. 1959
Poskantoor:	
bedryfsuitgawes	Jan. 1964
inkomste	Jan. 1964
kapitaalluitgawes	Jan. 1964

Weglatings:

Gemiddelde salaris en lone per maand, S.A.S. & H.:	
Blankes	Jan. 1958

Finansiering, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste:

Byvoegings:

Bouverenigings:	
nuwe voorskotte toegestaan vir nuwe geboue	Jan. 1965
Bruto binnelandse produk, toegevoegde waarde:	
vaste eiendom en besigheidsdienste	1e kw. 1960
Gemiddelde salaris en lone per maand (alle rasse)	
private dienste	1e kw. 1963
Monetêre banksektor:	
netto goud- en ander buitelandse reserwes	Des. 1962
totale eise van die Landbank op die private sektor	Jan. 1969
Pryse van gewone aandele, finansieel	Jan. 1965
Werkverskaffing, private dienste (alle rasse)	1e kw. 1963

Weglatings:

Bouverenigings:	
verbandvoorskotte	Jan. 1945
Monetêre banksektor:	
goud- en ander buitelandse reserwes	Jan. 1946

Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste:

Byvoegings:

Bruto binnelandse produk, toegevoegde waarde:	
algemene owerheidsdienste	1e kw. 1960
sake-ondernemings	1e kw. 1960
Gemiddelde salaris en lone per maand (alle rasse):	
openbare owerhede	1e kw. 1959
Vaste investering, geboue en konstruksiewerke:	
plaaslike owerhede	1e kw. 1960
provinsiale administrasies	1e kw. 1960
sentrale regering	1e kw. 1960

Diverse reekse:

Byvoegings:

Betalingsbalans, uitvoere:	
kapitaalgoedere	1e kw. 1965
verbruikersgoedere	1e kw. 1965
totaal	Jan. 1958
Investering in voorrade, handel en nywerheid	1e kw. 1960
Verbruiksbesteding teen konstante 1963-pryse, (privaat):	
duursame goedere:	
vervoer en kommunikasie	1e kw. 1960
ander	1e kw. 1960
totaal	1e kw. 1960
semi-duursame goedere	1e kw. 1960
dienste	1e kw. 1960

Weglatings:

Gemiddelde salaris en lone per maand in nie-landbousektore:	
Blankes	Jan. 1958
Investering in voorrade:	
openbare korporasies	1e kw. 1960
openbare owerhede	1e kw. 1960
Invoere: Departement Doeane en Aksyns	Jan. 1910
Kapitaalverandering van maatskappye, alle groepe:	
nominale kapitaalvermindering	Jan. 1934
maatskappybesparings	1e kw. 1960
Uitvoere: Departement Doeane en Aksyns	
(uitges. goud)	Jan. 1910
Verbruiksbesteding aan:	
klerasie	1e kw. 1960
voedsel	1e kw. 1960
motors	1e kw. 1960

Verklaring insake pari-waarde van die rand

Uitgereik deur Sy Edele Dr. N. Diederichs, Minister van Finansies

4 Junie 1973

In my verklaring van 18 Maart 1973, waarin die posisie van die Suid-Afrikaanse rand in 'n wêreld van swewende wisselkoerse in oënskyn geneem is, het ek aangekondig dat dit besluit is om die bestaande pari-waarde van die rand in terme van goud te behou, en dat die Reserwebank sal voortgaan om dieselfde vaste koop- en verkoopkoerse vir V.S.A.-dollars te noteer as wat sedert die dollardevaluasie van Februarie 1973 in gebruik was. Ek het egter ook aangedui dat indien die swewende E.E.G.-geldeenhede méér ten opsigte van die V.S.A.-dollar sou appresieer as wat toe algemeen verwag is, Suid-Afrika sy posisie in heroorweging sal moet neem.

Sedertdien, en veral gedurende die jongste twee weke, het die meeste geldeenhede sodanig teenoor die V.S.A.-dollar geappresieer dat die dollar tans byna 5 persent swakker teenoor sterling en tussen 4 tot 6 persent swakker teenoor die meeste ander Wes-Europese geldeenhede staan as wat die geval op 19 Maart 1973 was. Indien Suid-Afrika sou voortgaan om sy *bestaande* koop- en verkoopkoerse vir die V.S.A.-dollar te handhaaf, sal dit dus beteken dat die rand ook sedert die middel van Maart 1973 in dieselfde mate as die dollar teenoor genoemde valutas gede-presieer het. Teenoor alle buitelandse geldeenhede sal dit 'n gemiddelde effektiewe depresiasie van die rand sedert die middel van Maart van tussen 2 en 3 persent beteken.

So 'n depresiasie van die rand word in die huidige omstandighede nie as gewens beskou nie. Die land se betalingsbalans is steeds baie gunstig en die goud en ander buitelandse bates gehou deur die Reserwebank het vanaf 16 Maart verder met ongeveer R100 miljoen toegeneem, en staan tans op die bevredigende peil van ongeveer R1 200 miljoen. Die *totale* amptelike reserwes is tans in die omgewing van R1 350 miljoen, wat 'n rekordpeil verteenwoordig. In dié verband is dit veral van betekenis dat die goudprys op die private mark vanaf ongeveer 82 dollar per fyn ons teen die middel van Maart 1973 tot ongeveer 120 dollar per fyn ons tans, d.w.s. met ongeveer 46 persent, gestyg het. Hierdeur is Suid-Afrika se onderliggende betalingsbalansposisie aansienlik versterk. Vanuit die oogpunt van die betalingsbalans beskou, is 'n depresiasie van die rand dus tans nie nodig of welkom nie.

Ook vanuit die standpunt van inflasiebekamping sou so 'n depresiasie 'n ongewenste uitwerking hê. Dit sou naamlik ingevoerde pryse uitgedruk in rande laat styg wat óf sou neig om die koers van toename in die verbruikersprysindeks te verhoog óf om 'n dalende tendens daarin teen te gaan.

In die lig van bostaande is besluit dat die Reserwebank vanaf môre, Dinsdag 5 Junie 1973 nuwe aan- en verkoopkoerse vir die V.S.A.-dollar sal noteer wat op 'n appresiasie van die rand teenoor die dollar van ongeveer 5 persent sal neerkom. Die goudpariteit van

die rand bly egter onveranderd op R29,75 per fyn ons. Gemelde wisselkoersaanpassing beteken dus dat vir die huidige die wisselkoers van die rand met die V.S.A.-dollar nie binne die toelaatbare marges rondom die goudpariteitwisselkoers gehandhaaf word nie, en die Internasionale Monetêre Fonds is reeds dienooreenkomstig in kennis gestel.

Teenoor alle buitelandse geldeenhede sal dit 'n gemiddelde effektiewe appresiasie van die rand van tussen 2 en 3 persent vergeleke met die posisie op 19 Maart meebring. By die bepaling van die mate van appresiasie is nie slegs rekening gehou met die onlangse bewegings in die wisselkoerse van die V.S.A.-dollar teenoor ander geldeenhede nie, maar ook met die disinflasionistiese uitwerking wat die stap behoort te hê.

Verklaring insake reserwesaldo's en rentekoerse

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. T. W. de Jongh

10 April 1973

Ná samesprekings met die bankinstellings en bouverenigings oor die implikasies van die onlangse vermindering in die Bankkoers van 6 tot $5\frac{1}{2}$ persent en ná die gebruikelike oorlegpleging met die Tesourie, het die Reserwebank besluit om die supplementêre reserwesaldo's wat bankinstellings by die Nasionale Finansiële korporasie moet hou, van 10 tot 7 persent van hulle korttermynverpligtings teenoor die publiek te verminder. Hierdie vermindering tree in werking vanaf die datum van sertifisering van elke bank se maandopgawe (Vorm B.W. Nr. 7) vir die maand geëindig 31 Maart 1973, en die nodige kennisgewing sal môre in 'n Staatskoerant verskyn. Die banke se *totale* likwiede batevereistes bly onveranderd op 45 persent van korttermyn-, 28 persent van mediumtermyn-, 5 persent van langtermyn- en 10 persent van aksepterpligtings.

Hierdie verslapping sal bankinstellings meer vryheid verleen by die bepaling van die samestelling van hulle likwiede bates en behoort hulle daartoe in staat te stel om 'n hoër gemiddelde rentekoers op hierdie bates te verdien as wat andersins moontlik sou gewees het. 'n Vermindering in die totale likwiede batevereistes van die banke word nie in hierdie stadium as gewens beskou nie, aangesien daar verwag word dat die volgehoue gunstige betalingsbalans en die ekspansionistiese fiskale beleid wat in die Begroting aangekondig is, 'n voortgesette verruiming in geldmarktoestande in die tydperk wat voorlê tot gevolg sal hê. Die likwiteit van die banke behoort dus meer as voldoende te bly om 'n verdere uitbreiding in krediet aan die private sektor toe te laat. In hierdie verband word bankinstellings nog eens versoek om voorkeur aan krediet vir produksie en uitvoere te verleen.

In die lig van die voorgaande word dit van bankinstellings verwag dat hulle die vermindering in die Bankkoers sal volg deur hulle oortrekkings- en ander vergelykbare uitleenkoerse met $\frac{1}{2}$ persent te verlaag. So 'n verlaging sal nie alleen in ooreenstemming met die huidige ekspansionistiese monetêre beleid wees nie, maar sal ook 'n natuurlike reaksie op die huidige en verwagte vraag- en aanbodneigings in die geldmark verteenwoordig.

Met betrekking tot die koerse wat bankinstellings op deposito's en wat bouverenigings op deposito's en aandele betaal, wil dit voorkom asof daar tans geen regverdiging bestaan vir 'n algemene verlaging net omdat die Bankkoers verminder is nie. Sommige depositokoerse het natuurlik alreeds in ooreenstemming met markneigings gedaal en andere, in die besonder korttermynkoerse, kan verwag word om te volg. Met die een uitsondering wat hieronder aangedui word, word daar egter nie tans deur die owerhede 'n beroep op banke en bouverenigings gedoen om enige verlaging in hulle koerse op deposito's en aandele aan te bring nie.

Uit die onlangse samesprekings wat met hierdie instellings gevoer is, het dit egter duidelik geblyk dat die bestaande vrywillige ooreenkoms oor deposito- en aandeelkoerse nie bevredigend gewerk het nie. Dit sal onthou word dat wetlike beheer in Maart 1972 oor koerse op deposito's en bouverenigingaandele ingestel is naastenby op die peil wat in daardie stadium gegeld het, maar nadat die Bankkoers in Augustus 1972 vanaf $6\frac{1}{2}$ tot 6 persent verlaag is, het hierdie instellings vrywilliglik ingestem om meeste van hulle deposito- en aandeelkoerse tot $\frac{1}{2}$ persent benede die wetlike maksimumkoerse te verminder. Die maksimumkoers van $8\frac{1}{2}$ persent betaalbaar op deelnemingsverbandfondse en op skuldbriewe wat deur finansiële instellings uitgereik word, is nie in daardie stadium verlaag nie. Alle instellings het hulle egter nie by hierdie onderlinge akkoord gehou nie.

Dit is derhalwe besluit om die koerse waaroor verlede Augustus ooreengekom is, te wettig. Terselfdertyd word van die geleentheid gebruik gemaak om twee veranderinge in die patroon van koerse aan te bring wat geregverdig skyn te wees op grond van die ondervinding sedert Maart verlede jaar. Die eerste is 'n vermindering van $\frac{1}{4}$ persent tot 7 persent in die maksimum koers betaalbaar deur bouverenigings op hulle opbetaalde onbepaaldetermynaandele (met uitsluiting van belastingvrye aandele) en op hulle gewone vastetermynaandele. Aangesien die „dividend“ op hierdie aandele sedert Augustus 1971 op dieselfde basis belas word as dividende op gewone aandele van maatskappye, is gevoel dat die vorige koers 'n onredelike voordeel aan bouverenigings verleen. Die tweede verandering is die invoering van 'n nuwe maksimum koers van $7\frac{1}{2}$ persent vir deposito's van twee jaar en langer met die doel veral om die mededingingsvermoë van dié bankinstellings wat in 'n belangrike mate op langer-termynfondse staatmaak, te verbeter.

Die nuwe wetlike *effektiewe* koerse wat, met die twee uitsonderings hierbo aangedui, identies is aan die koerse waaroor verlede Augustus ooreengekom is, sal die volgende wees:

A. Depositokoerse van bankinstellings en bouverenigings	Persent per jaar
1. Deposito's geneem vir 'n tydperk van, of onderworpe aan kennisgewing van onttrekking van:	
(a) minder as ses maande, met inbegrip van spaardeposito's en daggeldlenings	$5\frac{1}{2}$
(b) ses maande en langer, maar minder as twaalf maande	$6\frac{1}{4}$
(c) twaalf maande en langer, maar minder as vier-en-twintig maande	7
(d) vier-en-twintig maande en langer	$7\frac{1}{2}$
2. Deposito's ingevolge die Staatsondersteunde huiseienaarsbesparingskema	$6\frac{1}{2}$

B. Koerse op bouverenigingaandele

- | | |
|--|----|
| (a) Subskripsie-aandele deur 'n
permanente vereniging uitgereik | 6½ |
| (b) Opbetaalde onbepaaldetermynaandele
(uitgesonderd belastingvrye aandele)
en gewone vastetermynaandele | 7 |
| (c) Vastetermynaandele met 'n gewaarborgde
dividend soos in Artikel 37(5A) van
die Bouverenigingswet omskryf | 7½ |
| (d) Belastingvrye onbepaaldetermynaandele | 6½ |

Die bostaande stel maksimum koerse sal op 11 April 1973 in werking tree, en die nodige kennisgewing sal in die Staatskoerant waarna hierbo verwys is, verskyn.

Opmerking oor tabelle

Die aandag word weer eens gevestig op die feit dat sommige van die syfers wat in die Kwartaalblad verskyn, een keer per jaar in die Junie-uitgawe hersien word. Alle reekse waarvan die seisoensinvloed uitgeskakel is, is hersien, nie alleen om veranderde seisoenspatrone in ag te neem nie maar ook as gevolg van hersienings van die basiese gegewens.